



## TOULEIER



# Ons reis deur Chile se Diep Platteland

Hoofstuk 3 Deel 28

**W**eer eens tref die baie ooreenkomste tussen Chile en Duskantland my. Dié keer die lang afstande tussen dorpe. Jy moet ver kyk en lank soek vir iets vir die oog. Waar daar niks aangaan nie. Soos die stuk pad tussen Laingsburg en Beaufort-Wes.

Terwyl ons suidwaarts beweeg, is die Andesgebergte altyd daar in die verte na links in die dansende dynserigheid. Net soos die Swart- en die Langeberge in die Karoo. Dan is daar ook die duidelike verskille. In Chile is bitter min fauna. Niks lewendig wat darem so nou en dan oor die pad hardloop nie. Dus ook nie padvleis (*road kill*) nie. Daar is dus ook nie eers kraaie nie. Morsdood, stil en vrek droog.

Maar, soos ook in die Karoo, is daar 'n eie skoonheid in die eenvoud van hierdie vaal kaal vlaktes. Wanneer jy stilhou en uitklim, en as die wind nie waai nie, is die geknars van die gruis onder jou skoene, oorverdwend.

Laatmiddag draai ons links van die snelweg af by die bordjies wat beduie San Pedro de Atacama lê diékant toe. Die omgewing verander om mens effe meer te laat dink aan die Boesmanland of eerder aan die Richtersveld. Skerwe swart ysterklip lê gesaai oor 'n dorre plat aarde. In die verte kom die Andes al hoe nader en mens begin al die wit sneeubedekte pieke onderskei deur die hittewalms. In die voetheuwels verskyn daar ook die buitelyne van verskeie kleiner vulkane, lankal onaktief.

Omdat dit 'n populêre toeristebestemming is, gaan die teerpad darem tot amper by die dorpie. Maar omdat 'n teerpad inbraak sal maak op die hele voorkoms van die waarvoor die area so bekend is, gaan hy ook nie al die pad tot daar nie. Die oasedorpie self lê redelik hoog bo seespieël en het maar skaars drieduisend inwoners. Die het hul bestaan hoofsaaklik te danke aan die toeriste industrie. Hulle maak al honderde jare lank kleipotte en keramiekware en weef ook kleurvolle mandjies wat aan die besoekers verkwansel word. Tot en met die groot Pasifiese Oorlog was dit eers deel van Bolivië en is toe as oorwinnaarsbuit ingelyf by Chile.

Terwyl baie besoekers hulself hier op 'n soort van 'n pelgrimstog bevind, is daar weer netsoveel van dié wat glo die maanlanding in 1969 was eintlik hier naby in die woestyn nageboots. Alle twyfel verdwyn egter na 'n besoek aan die nabygeleë vallei van die maan. Hulle reken daar is plekke daar rond waar dit in mense heugenis nog nooit gereën het nie. Dit is baie maklik om te glo.

Ons het saam met 'n groepie in die gebied gaan stap en mens neem sommer instinktief ekstra water saam want jy vaar mos nou die woestyn te voet in. Hulle los jou ook sodat jy alleen kan raak en net daar op 'n duin sit en staar na die drogbeelde en figure wat winderosie uit die landskap gekerf het.

Later die aand gaan ons na die nabye besige aandmarkie toe en met die intrapslag keer 'n jong meisie ons voor. Sy stel my gerus dat sy niks snaaks gaan aanvang nie en vroetel so 'n stokkie met 'n sirkeltjie van toutjie aan een ent, deur my trui se knoopsgat. Sy daag my uit om in die loop van die aand die stokkie weer los te maak sonder om iets te breek. Kry ek dit reg, kan ek die stokkie hou. Indien nie, moet ek hom by haar koop. Ure later koop ek die stokkie. Ek het vandag nog die stokkie en knoop hom nog gereeld in ander prooi se knoopsgate vas.

**Hennie Greeff**

**UITGEWER**

**Onrusrivier**

**pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

HOLLANDERS OOR AFRIKAANS:

## Nederlanders skeur hulle oor ons 'leuk taaltje'

Deur TANYA VAN BUUREN

Ons praat Afrikaans. Nie "Afro Hollands" nie. Ook nie "Zuid-Afrikaans" nie en beslis nie 'n "kombuistaal" nie. Daar is min dinge wat die Nederlanders so fassineer soos Afrikaans.

Toe ek in Nederland as 'n au pair gewerk het, was dit my *party trick* om op partytjies Afrikaans te praat.

Van die beskrywings van Afrikaans is dat dit "kinderlik", "grappig", "sangerig" of selfs "heerlik simpel" klink.

Ek het een Kaaskop so deurmekaar gepraat met my "raar" aksent dat hy nie seker was of ek Vlaams, Fries, Sweeds of al drie was nie!

Dit is selfs moontlik vir Nederlanders om saam met Afrikaanse sangers op die internet te sing, sodat hulle kan sien hoe "maklik" Afrikaans is. Of om Afrikaans aanlyn te leer praat en na die uitsprake van die woorde te luister.

Nederlanders dink ons is uiters vindingryk en oorspronklik met die vertaling van vreemde woorde.

Dit is te verstane, aangesien hulle vreemde woorde onvertaald laat.

Dikwels bly die Engelse woord in gebruik in Nederlands, byvoorbeeld snack, giraffe, thriller en computer.

Daarom lag hulle hulself skoon simpel vir woorde soos peuselhappie, kameelperd (as jy hierdie woord in Nederlanders se teenwoordigheid gebruik sal jy tot in lengte van dae baie gewild wees), riller en rekenaar.

Niemand kan dit ontken dat die Nederlanders 'n bietjie arrogant is nie. So arrogant dat hulle vir my (wat Afrikaans gebore is) Afrikaans wou leer praat!

Daar was onlangs 'n Knorr-advertensie op Nederlandse televisie wat gebruik gemaak het van Afrikaanse woorde soos pletterpet (boulhelm), bromponie (scooter), amperbroekie (deurtrekker) en hysbakkie (hysbak).

Die Nederlanders het hulle slap gelag vir hierdie Afrikaanse woorde, wat eintlik glad nie gebruiklik in Afrikaans is nie.

Al wat Kaaskop is, het gedink hy praat vlot Afrikaans sodra hy hierdie vier woorde geuiter het.

***Toe ek een keer die woord vuurhoutjie noem,  
het hulle gebrul van die lag.***

As ek ooit weer die woord hysbakkie (dis HYSBAK!) moet hoor, gaan ek my amperbroekie natmaak.

Toe ek een keer die woord vuurhoutjie noem, het hulle gebrul van die lag. Ek het daarna nogal gewonder hoe hulle so lekker kan lag met 'n vertaling soos "Lucifer" vir die woord!

As jy beplan om in Nederland Afrikaans te praat, het ek vir jou 'n paar wenke. Die woorde boemelaar en babbelas is altyd 'n wanner.

Wees daarop voorbereid dat al 16 miljoen Nederlanders gaan beweer hul kan "Zuid-Afrikaans" praat op grond van die woord hysbakkie.

As hy of sy boonop die woord "baie" ook ken is hy 'n kenner. As hy praat van "baie hysbakkies" het jy te doen met 'n linguïst.

Ons taaltjie mag dalk eenvoudig wees. Maar ek wag nog vir die dag dat 'n Nederlander die dubbelontkenningsvorm bemeester.

Liewe Jesus

Ons het geleer dat Thomas Edison lig gemaak het, maar in die Sondagskool leer ons U het. Ek wed hy't U idee gesteel.

# Duskantlander in Anderkantland

## Met hierdie hande van my

**Daniël Bezuidenhout is 'n Kammanuusvrou van Namibië**



**S**koolvakansies was die ergste, my ma het geweet ons drie Janse van Rensburg-kindere sou mekaar uitmoor, so is ek met elke skoolvakansie vanuit Pretoria na Warmbad na my Ouma Henna gestuur. Natuurlik klink dit idillies, wie smag nie na 'n warmbron vakansie met 'n swetterjoel van vakansiemaaitjies nie?

Bela-Bela – toe nog Warmbad – moet baie naby aan die hel wees, want somertyd is die kwik anderkant van dertig, elke dag. Oupa Vrystaat het vertel die Aarde verbrand so erg dat die kookwater net daar en dan uit die grond borrel! Ek glo eerder Ouma se idee van die nabye hel, want die swembad was net drie minute van Ouma se huis, maar Ouma was met die son gepla!

Foei, ek was lig van gelaat, met spierwit hare, 'n dik streep sproete oor die neus en Ouma Henna se son-skrik het my gehok binneshuis gehou tot ná twee elke middag. Selfs dan mog ek net uit met 'n yslike strooihoed oor die kop. Gestreep met dik, wit lae sonbrandolie en 'n tienminuutlesing oor sonsteek en blase brand.

Skaars was ek om die hoek, uit haar oog, of ek het die strooihoed in my sak geprop en soveel moontlik sonroom met die handdoek afgegee. Maar Ouma se insmeer was deeglik, eers het sy die koue room warmgeevryf in haar palms en met haar vingerpunte fyntjies en behendig om die ore en neus ingesmeer.

Die nuwe maatjies by die swembad het soms net 'n paar dae gekuier. Ek het soos 'n wafferse bandiet op parool gevoel elke keer dat ek Ouma se son-ding moes verduidelik.

In my kuierkamer was 'n enorme kartonhouer vol *Australia's Woman's Weekly* met foto's en plaasstories van beesboere op perde wat in die vlaktes bly en kangaroo- en springhaaspastei maak. Als wat ek gelees het, nogal in die Rooitaal, moes ek kom oorvertel in die sitkamer. Oupa Vrystaat het in sy stoel met sy warm pyp gesit en dan het ek prentjies uit die boek gewys en sy groot oë agter sy dik bril geloer.

Effe te intens het ek meestal net na sy hande gekyk, opgepof en diep gekraak en bruingebrand met dik naels wat hoekig en kort gesny was. Sy dik vingers het die pyptwak stywer ingedruk as wat Ouma komberse saans om my lyf invou. Tog het die ou hande strawwe bottels vir Ouma oopgedraai en fyntjies daardie pyp met woldraadjes skoongemaak.

Ouma het voordag al in die kombuis geskarrel, en my gedurig geroep om te kom help sny, skil, snipper en sorteer. Ek moes leer deegmengsels uitmeet en botter by meel insny, eiers skei en eier witte styf klop. Daar was 'n gedurige aanloop van bloukopvriendinne en krom omies met houtkieries wat die brouesels en baksels van die kleinkind uit Pretoria moes kom opeet. Ook hulle wou weet wat in Australië se weeklikse tydskrifte gekrywe staan.

Op Dinsdae het Ouma se vriendinne met hekel en breiwerk op die skoot in die voorkamer kom kuier. Oupa Vrystaat het hom uit die voete gemaak en dan heel oggend gaan rolbal speel. Ek moes noodgedwonge leer steke opsit, regs- en aweregs brei, hekelgare om die pinkie draai en lang en kortbeen in sirkels en blokke uitwerk. Donderdae was my gunsteling want dan moes ek naaldwerk leer. Eers later op hoërskool se huishoudkundeklasse het en begin vermoed dat vakansies-in-die hel by Ouma Henna dalk nie so erg was nie. Ek het loshande beter punte gekry, want bak en brou was kinderspeletjies en ek het baie sakgeld verdien deur al hulle breiwerk- en naaldwerkprojekte namens hulle te doen.

As jong student het ek menigte koshuisdansrokke in 'n aand of twee aanmekaargestik en later as jong ma my eie kinders se skoolkonsertkostuums woerts-warts aanmekaar geflans.

My witkopdogter se oogrol ontgaan my nie. "Sit 'n hoed op!" gil ek haar agterna. Hier leun ek 'n wyle oor die agterdeur en vryf oor die droogheid van my kombuishande. Hierdie is my ouma se klein handjies, bruingebrand, blou are en knopvingers.

Hoe stap sy nog saam met my, steeds met die son-ding gepla...

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## DUITSE VISIE

Kammanuus kan nie vir die egtheid hiervan instaan nie, maar dit is glo in die 1930's geskets as die Duitse visie vir toekomstige kommunikasie.

## VROUE

Vroue sal nooit mans se sukses bereik nie omdat hulle nie 'n vrou het wat aan hulle raad en instruksies kan gee nie.

## PAPWIEL

Die motoris kom 'n kar teë wat opgedomkrag is.  
"Het jy 'n papwiel?"  
"Nee, ek klim elke paar myl uit en 'jack' die kar op om die wiele te laat rus."

## HOE SEER IS DIT?

'n Man klim op die bus, en albei sy broeksakke is vol gholfballe gestop. Die blondine hou aan om hom nuuskierige kyke te gee, en ná 'n ruk sê hy: "Dis gholfballe."  
Maar die blondine het aangehou om na hom te staar. Later kon sy haar nuuskierigheid nie meer bedwing nie, en vra: "Is dit net so seer soos tennis-elmboog?"

## UITGESORTEER!

Toyota Suid-Afrika het die tegniese fout gekry wat veroorsaak het dat so baie minibusse rol. Die probleem is glo by die moer wat die stuurwiel vashou.

## BRANDEWYN

'n Besoeker uit die stad gesels met sy plaasvriend.  
"Dis darem seker heerlik vreedsaam hier op die platteland," sê hy.  
"Ja," sê sy vriend, "maar daar is natuurlik ook nadele. As jy 'n brandewyn wil skink, is dit 'n uur se ry tot in die dorp."  
"Maar hoekom hou jy nie sommer 'n bottel brandewyn op die plaas aan nie?"  
"Brandewyn hou net nie op 'n plaas nie, Boet."

## BRANDWEERWA

Die dorpsraad het 'n nuwe brandweerwa gekoop, en moes toe besluit wat om met die ou een te maak.  
Die onderburgemeester kry toe 'n briljante idee. "Hoekom gebruik ons hom nie vir die vals alarms nie?"

## WEERMAG

Was daar regtig blou vitriool in die weermag? Ja, maar dit begin eers na 30 jaar werk.

Taxibestuurder aan vrouepassasier: "Dit sal gratis wees, mevrou. Jy het die meeste bestuurwerk gedoen."

## CLANCY deur Mark Lynch



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

# TIEN GOUE REËLS VIR KAMMALANDERS

Moet nooit 'n ou klap wat tabak kou nie.

Moet nooit 'n miskoek skop op 'n warm dag nie.

Daar is twee teorieë oor argumente met 'n vrou. Beide is verkeerd.

Moet nooit 'n kans laat verbygaan om stil te bly nie.

Drink altyd stroomop van die trop.

Sodra jy jousef in 'n gat bevind, hou dadelik op met grawe.

Die vinnigste manier om jou geld te verdubbel is om dit te vou en terug te sit in jou sak.

Daar is drie soorte mans:

Die soort wat leer deur te lees

Die soort wat leer deur dop te hou.

Die res moet eers op die elektriese draad piepie om self uit te vind.

Goeie oordeel kom van ondervinding en baie daarvan kom van swak oordeel.

## Begrafnis in die vreemde

'N MAN en sy alewig temende en neulende vrou is met vakansie in Israel, en sy sterf daar.

Die begrafnisondernemer lig hom in: "Jy kan haar lyk huis toe stuur vir R12 000, of jy kan haar in die Heilige Land begrawe vir R2 000.

Die man het bietjie nagedink, en verkies toe die eerste opsie.

"Hoekom?" vra die begrafnisondernemer. "Dis dan baie goedkoper om haar hier te begrawe? Ons kan vir jou 'n baie mooi begrafnis doen vir baie minder geld."

Antwoord die man: "Lank gelede is 'n Man hier begrawe, en Hy het op die derde dag weer opgestaan. Ek kan net die daardie kans waag nie."

## KENNISGEWINGS

### Buite 'n tweedehandse winkel:

Ons ruil alles - fietse, wasmasjiene ens. Bring jou vrou vir 'n wonderlike winskopie.

### In 'n Londense kantoorgebou:

Toilet buite werking. Gebruik asseblief die vloer laer af.

### Op die venster van 'n gesondheidswinkel:

Gesluit weens siekte.



## Waar die wit man die pad byster geraak het

Die Indiaanse hoofman Twee Arende word deur 'n wit amptenaar van die Amerikaanse regering besoek.

"Jy het die wit man die afgelope 90 jaar waargeneem. Jy het sy oorloë en sy tegnologiese vooruitgang beleef. Jy het sy vooruitgang gesien, en ook die skade wat hy veroorsaak het," sê die amptenaar.

Die hoofman knik instemmend.

"As jy dit alles in berekening bring: Waar dink jy het die wit man die pad byster geraak?"

Die hoofman het die amptenaar 'n minuut lank stilswyend aangekyk, en toe kalm geantwoord:

"Toe wit man land kry, Indiane regeer. Geen belasting, geen skuld, baie buffels, baie bewers, skoon water.

"Vroue doen werk, medisyne man werk verniet. Man spandeer elke dag met jag en visvang; elke nag met seks."

En toe leun die hoofman agteroor en glimlag. "Net wit man dom genoeg om te dink hy kan stelsel verbeter."

## Die Mini, die geelstert en die polisie

### Dis 'n waar storie!

Piet en drie van sy maats pak hier in die middel 70's die Mini Minor vir 'n visvangtrippie daar by Hermanus rond.

Soos die geluk wil hê, trek hulle 'n yslike vis uit – dit was dalk 'n geelstert. Hoe nou gemaak met 'n vis van ses voet in 'n Mini? Maar Piet en sy maats was vindingryk: Hulle sit die vis toe binne-in 'n ou slaapsak en bind hom op die kar se dak vas.

Hulle hou by 'n vulstasie stil en die man aan diens wil weet wat op die dak is. Omdat die vis se stertvinne soos twee voete regop staan en daar bloed uit die slaapsak lek, lyk dit baie verdag.

"Wat het julle daar op die dak?"

Piet: "Ons het hierdie ou langs die pad doodgery. Ons gaan nou 'n hospitaal of 'n lykshuis soek," en daarmee trek hulle weg van die peinsende vulstasie.

Baie ingenome met hulself ry hulle toe voort na die groot verrassing wat voorlê, want aan die voet van Sir Lowry's Pass wag daar 'n vloot polisievoertuie op hulle.

Dit het mooi verduidelik gekos en hulle moes die slaapsak oopmaak.

## Wanorde in die hof

✦ Prokureur: "So, die datum van bevrugting was 8 Augustus?"

Getuie: "Ja."

Prokureur: "En wat was jy besig om te doen?"

Getuie: "Ek was besig om seks te hê."

✦ Prokureur: "Hoe is jou eerste huwelik ontbind?"

Getuie: "Deur die dood."

Prokureur: "En deur wie se dood is dit ontbind?"

Getuie: "Nou wie se dood dink jy was dit?"

✦ Prokureur: "Kan jy die individu beskryf?"

Getuie: "Hy was van medium lengte, met 'n baard."

Prokureur: "Was hy manlik of vroulik?"

Getuie: "Raai."

## Aan die kort kant

'n Optimis dink hierdie wêreld is die beste plek denkbaar.  
'n Pessimis vrees dit is waar.

Die dood en belasting sal altyd met ons wees. Die verskil is die dood raak nie elke jaar erger nie.

'n Dag sonder sonskyn is soos die nag.

Dis frustrerend wanneer jy al die antwoorde ken, maar niemand doen die moeite om die vrae te vra nie.

Die kuns van gesels is nie net om die regte ding op die regte tyd te sê nie, maar ook om die verkeerde dinge op die regte oomblik te verswyg.

Breinselle kom en gaan, maar vetselle leef vir ewig.

Die ouderdom bring nie altyd wysheid nie - soms kom hy alleen.

## Twee oues gesels

Twee senior burgers van 'n aftree-oord het op die bank onder 'n boom gesit, toe een na die ander draai en sê:

"Jan, ek is 83 en vol kwinte en kwale. Hoe voel jy?"

"Nee," sê Jan, "ek voel soos 'n pasgebore baba."

"Regtig? 'n Pasgebore baba?"

"Ja. Sonder tande, sonder hare, en ek dink ek het myself nou net natgemaak."

## Hoe meer dae, hoe meer dinge

### ▣ Rassistiese Belgiese brak

'N BELGIESE werkgewer het 'n aansoeker weggewys omdat sy hond nie van dié persoon se velkleur gehou het nie.

"Ek kan niks daaraan doen as my hond kwaai raak teenoor mense van 'n ander velkleur nie," het mnr. Bruno Rampelberg, die hoof van 'n metaalaanleg in Huizingen, België, gesê.

Rampelberg, wat nie die bohaai kon verstaan nie, het aan 'n arbeidsburo gesê: "Die hond kon die persoon nie verdra nie en kon hom oor sy velkleur gebyt het." Die vakbond ABVV het die voorval as " 'n duidelike geval van rassisme" gekritiseer.

### ▣ Man skiet rekenaar uit woede

'N MAN van Amerika was so boos omdat sy vrou besig was om op die internet met mans te gesels dat hy 'n koeël deur die rekenaar gejaag het.

Jason Griffith (23) van Pennsilvanië is gearresteer op klagtes van roekelose in gevaarstelling, terroristiese dreigemente en teistering. Die polisie het 'n .40-kaliber patroon in die rekenaar gevind.

Griffith het sy vrou die trappe opgesleep, die rekenaar geskiet en nog 'n skoot in die deur geskiet. Niemand is beseer nie.

### ▣ Gevonniss oor blinde bouer

TWEE Sjinese amptenare is tronkstraf opgelê nadat hulle 'n blinde toegelaat het om 'n brug te bou wat tydens konstruksie inmekaar gestort en 12 mense beseer het. Die blinde kontrakteur het die bloudrukke verander en nagelaat om hulle deur 'n kenner te laat nagaan.

Die twee mans is tot onderskeidelik een jaar en 18 maande gevonniss omdat hulle die werk laat voortgaan het hoewel hulle geweet het die kontrakteur is blind.

### TERGENDE VRAE

- Hoekom glo almal jou as jy sê daar is een miljard sterre - maar voel hulle aan die verf as jy sê dis nat?
- As 'n dowe persoon in die hof verskyn - is dit nog 'n verhoor?



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

**Steyn** [joubertnj@telkomsa.net](mailto:joubertnj@telkomsa.net)

Ek soek inligting omtrent my oupa Petrus daniel Gerhardus Steyn, gebore 30 April 1881. Sy ouers was Johannes Christiaan Steyn en Helena Botha. Wie was P.D.G. Steyn se broers en susters?

**Heyneke** [cecile@intekom.co.za](mailto:cecile@intekom.co.za)

Ek soen na enige inligting oor Jan Christoffel Heyneke van Muiskraal, Potchefstroom. Hy was die vader van Cecilia Anna Heyneke: geb. 26.02.1895, oorl. 26.02.1935. Almal van Muiskraal, Potchefstroom. (Cecilia Anna Heyneke is later met Jan Antonie van den Heever getroud, en hulle het op Muiskraal gewoon). Dit blyk elders dat Jan Christoffel Heyneke se naam Johannes Christoffel Heyneke mag wees, maar dis onbevestig.

**Venter** [marthav@lantic.net](mailto:marthav@lantic.net)

Jan Adriaan Venter(1886? -1947) getroud met Martha Elizabeth Odendaal(1886-1964),geboer op plaas Ventershoeck dist. Vrede. Twee kinders: hristiaan(Muggie)oorlede te Vrede1975) EN Aletta Elizabeth(29Januarie 1912- 5 Desember 2005 te Kimberley)

**Nog vanne wat ingekom het:** Pienaar, Henn, de Wit, Crous, Bester

## Mans en vroue doen dit nie eenders nie!

'n Bank het deurry-OTM's geïnstalleer wat kliënte in staat stel om geld te onttrek sonder om hul motors te verlaat. In 'n studie van die gladde werking van die stelsel, is gevind dat MANS en VROUE se prosedures hemelsbreed verskil.

### MANLIKE PROSEDURE

1. Hou by die kontantmasjien stil.
2. Draai kar se venster af.
3. Sit kaart in masjien en pons PIN in.
4. Pons bedrag in en trek geld.
5. Vat kaart terug uit masjien.
6. Draai karvenster op.
7. Ry weg.

### VROULIKE PROSEDURE

1. Hou by kontantmasjien stil.
2. Ry terug totdat karvenster gelyk met kontantmasjien is.
3. Trek handrem op, draai venster af.
4. Vind handsak, maak hom op die passasiersitplek leeg om kaart te kry.
5. Sê vir persoon op die selfoon jy sal terugbel en skakel dit af.
6. Probeer kaart by masjien se gleuf indruk.
7. Maak die kar se deur oop vir makliker toegang tot masjien omdat jy te ver van hom af stilgehou het.
8. Plaas kaart in gleuf.
9. Haal kaart uit en sit hom andersom in.
10. Krap in handsak, vind dagboek waarin die PIN-nommer aangeteken is.
11. Sleutel PIN in.
12. Druk kanselleer en sleutel korrekte PIN in.
13. Pons onttrekkingsbedrag in.
14. Gaan grimering in karspieëltjie na.
15. Vat kontant en kwitansie.
16. Maak handsak weer leeg, vind beursie en sit geld in beursie.
17. Skryf onttrekkingsbedrag in dagboek.
18. Gaan grimering weer na.
19. Ry een meter vorentoe.
20. Ry in trurat terug na masjien.
21. Haal kaart uit gleuf.
22. Maak handsak weer leeg, vind kaarthouer, plaas kaart in kaarthouer.
23. Gee 'n vuil kyk na die geïrriteerde manlike bestuurder in die kar agter jou.
24. Enjin vrek, draai weer die knormoer en ry weg.
25. Bel vriendin op selfoon terug.
26. Ry so vyf, ses kilometer ver.
27. Maak handrem los.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



En dis nou wanneer die wa naby aan een van die loodregte kranse kom dat die swyne in 'n koor soos 'n brandalarm begin skree: **Brieeek! Brieeek! Brieeek!**

**M**in mense weet dit, maar die meeste plaasdiere se geluide is te danke aan die Groot Trek. Almal behalwe die donkie want hy het sy kenmerkende gebalk heelwat vroeër gekry. In Noag se tyd om presies te wees, maar ons sal later daarby kom.

Soos die meeste goeie Afrikaners sal weet, het die Boere uit die Kolonie noord getrek om weg te kom van die Engelse onderdrukking en ook om later 'n goeie rugbyspan op die been te bring. 'n Span waar die manne mekaar op die skouer klop as hy n drie gedruk het en nie mekaar op die wange soen nie. Dit was waens met osse, los vee wat saamgestap het en die manne het perd gery en die kleintjies en die vrouens was op die waens.

Die groter kinders het gestap en tougelei. Nou as ons dink dat opgaanslag moeilik was, kan jy jousef indink hoe moeilik die afgaanslag was. Hierdie was 'n berg, nie nog 'n koppie of 'n rantjie nie. Amper soos daai platte wat hulle agtergelaat het. Met die opgaan moes die drywers soms erg sweep inlê om maksimum trekkrag uit die alreeds uitgeputte osse te kry. Dis dan wanneer hulle steun: **Moeg...Moeg... Moeg...**

Nadat hulle nou uiteindelik bo gekom het rus almal eers vir 'n wyle en dan begin hulle voorberei vir die afgaan. Soos reeds genoem, hierdie gedeelte is aansienlik moeiliker as die opgaanslag. Met die opgaan kan jy vinnig nog 'n groot klip agter die wiele ingooi as die wa begin agteruit hardloop. Met die afgaanslag is dit egter nie so maklik nie. Dis nie soos vandag se waens met handremme, ABS stelsels em dies meer nie.

Daai waens staan net stil as hulle op gelykgrond staan en niks trek of stoot nie. Dus word die wiele afgehaal en dan sal die wa op sy onderstel afgly. Amper soos 'n vliegtuig wat 'n noodlanding doen terwyl sy wiele nog ingetrek is. Net baie meer opwindend en stamperig aangesien vliegtuie nie noodlandings in berge doen nie. As 'n vliegtuig daar land, dan is dit nie meer 'n noodlanding nie, met of sonder wiele.

Dan is dit 'n ramp of 'n boggerop, afhangende aan watter kant van die berg jy in Pretoria woon.

Terwyl die wa nou op sy maag lê, is al die manne en seuns agter met toue op te help rem en die perde en osse help ook breek. Nou is dit vashou en konsentreer want daai wa is swaar. Die vrouens en kleintjies is agter die manne om uit die pad te wees as die wa begin hardloop. Die pluimvee en kleiner diere is almal in hokke op die wa en dis nou waar hulle inkom.

Al is daar kinderboeke en feëverhale van varke wat kan vlieg, is daar onteenseglike bewyse dat dit nie waar is nie. Intendeel, die arme goed ly aan erge hoogtevrees en is skytbang vir hoogtes. Te verstane as jy na hul onelegante liggaamsbou en lompe voetwerk kyk. En dis nou wanneer die wa naby aan een van die loodregte kranse kom dat die swyne in 'n koor soos 'n brandalarm begin skree: **Brieeek! Brieeek! Brieeek!** En so gaan dit aan totdat dit veiliger raak.

Die hoenders is ook in 'n hok op die wa en almal weet dat 'n hoender nie in arend of swaeltjie se klas val as dit by vlieg of sweef kom nie. Sou daai wa oor die kranse gaan, sal hulle so elegant en aërodinamies soos n vleuelklavier 'n paar honderd meter later te lande kom. Dus is die arme geveerdes net so benoud soos die oinks saam met hulle op die wa. Hoenders het nie 'n besonderse goeie en uitgebreide woordeskat nie en al wat hulle kan uitkry is **Fawk-fawk-fawk! Fawk-fawk-fawk!** en so gaan dit aan totdat hulle veiliger voel. Die kalkoene is ook op die wa, maar aan die ander kant en kan dus nie die kranse sien nie. Hulle verstaan dus nie waaroor die hoenders en swyne soos benoud is nie.

Kalkoene haat hoenders want hulle beskou hulle as dom en ongeletterd. Hulle is teen die tyd al lekker gatvol vir die hoenders se gekerm aan die ander kant, dus hoor jy net die volgende van hulle: **Alle hoenners is hoere! Alle hoenners is hoere!** en so gaan dit aan totdat die hoenders weer rustig raak. En dis waar hierdie diere se geluide vandaan kom.

### Noag en die donkie


Toe Noag se ark gelaai was met al die diere, met genoeg proviand en voer was dit net die donkie wat rustig daar naby gestaan en wei het. Toe dit so liggies begin reën, roep Noag die donkie om te kom opklim. Maar soos dit 'n goeie esel betaam, kyk hy eers laaank om hom rond en besluit dan daar is nog oorgenoeg tyd voor hy hoef op te klim. Noag het hulle juis vertel dat hulle vir 'n hele rukkie nie vasteland gaan sien nie. Hy wil dus tot die laaste oomblik moederaarde onder sy hoefies voel. Hy is ook nie helemaal oortuig met Noag se storie oor die baie reën nie. Dit klink vir hom alte veel na nog 'n tipiese SABC twak weervoorspelling. Amper soos die minister van Injustice wat reken dat die misdaad besig is om te daal. En so staan hy rustig verder en wei.

Toe die water by sy hoewe kom, roep Noag weer en die donkie kyk die water en kyk die afstand na die ark. Hy besluit om nog 'n bietjie te staan. Dis toe dat die water die hoogte bereik waar die stelte wat die ark gestut het, wegval en Noag begin die loopplank op te trek, dat Moeder Maria se vervoermiddel besef dis tyd om te klim en hy sal sy agterent moet roer. Die donkie trek daar weg teen die spoed van wit lig wegtrek agter die ark aan. En dit in kniediepte water.

Die spoed van wit lig is eintlik lig gestel, want daar was ongelukkig nog nie chronometers of radartoestelle nie, want dit sou ongetwyfeld 'n nuwe landspoed rekord gewees het. Kom ons stel dit so, as hy aan die Durban July moes deelneem, sou hy al daardie volbloed renperde na gestremde invalides laat lyk het. Hy sou al koudgelei gewees het as die ander nog om die eerste draai gegaan het. Ten spyte van die spoggerige naelloop-vertoning van onse esel het hy egter nie rekening gehou met die remkrag van water nie, want die water was nou al borshoogte. En dis toe waar die groot vrees van agterbly hom oorval en hy begin bulder agter Noag aan. Normaalweg balk donkies, maar daai dag was dit 'n bulder en dit was bulder van formaat en dit het so geklink: **NOAAAAG! NOAAAAG! NOAAAAG!**

Gelukkig het die ou stuurman hom gehoor en anker gegooi sodat onse esel ook kan opklim. En dis waar hy en sy halfbroer muil hul gebalk vandaan kry. Ek hoop regtig jy het hierdie gelees terwyl jy alleen of privaat was, want as jy skielik soos 'n vark begin skree en daar sit met 'n idiotiese grinnik op jou gesig, gaan jou baas of familie jou verseker vir waarneming stuur waar jy so lastige baadjie met sulke laaaang moue dra in 'n klankdigte kamer met sulke dik rubbermure.

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidingsgrootte bereik, maar as jy hierdie skakel invoer, kan jy **KAMMANUUS EKSTRA** maklik self aflaai:  
[www.onsdorp.com/ekstra.html](http://www.onsdorp.com/ekstra.html)



KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 22 OKTOBER 2018